






Die In-ding!

Die hele Frankryk dra dit –
1984 se veelsydige tabberdjie
met die breë skouers, los lyf
en nou heupe. Swart is DIE
modekleur, maar ons rok
lyk net so mooi



Elke blokkie = 5 cm



MATE: Borsmaat: 83-87 cm; heupmaat: 88-92 cm. Borsmaat: 92-97 cm; heupmaat: 97-102 cm; lengte: sowat 100 cm.

BENODIGDHEDE: 3 m materiaal, 112 cm breed; of 2,3 m materiaal, 132 cm breed; kontrasmateriaal vir seintuur (indien verkies) 60 x 112 cm; bypassende garing; 'n hakie en 'n ogie; 2 (of 4) skouer-kussinkies (opsioneel).

KNIPWERK: Vergroot patroononderdele op ruitjespapier waarvan elke blokkie 5 cm groot is, en knip uit. Voeg 1,5 cm by vir al die nate, behalwe hals. (Vir soom is 5 cm reeds bygevoeg.) Onthou middelagternaat.

Vou materiaal oorlangs dubbel, met regte kante binne en knip voorpant, agterpante en moue volgens patroon uit. Vou oorblywende materiaal oop sodat dit enkel lê, en knip omboorsel vir hals en monnikskraag uit. Vou oorblywende stuk nou weer dubbel, indien seintuur verlang word, en knip seintuur uit.

L.W: Alle stikwerk word gedoen met regte kante van materiaal opmekaar, tensy anders vermeld.

STIKWERK: Ryg en stik middelagternaat toe. Sigsag rafelrande om af te werk. Stik skouernate toe en sigsag rafelrande. Boor hals om. Ryg en stik moue in mousgate vas, sodat patroonmerke ooreenstem. Ryg en stik sy- en mounate aaneen toe, en sigsag rafelrande. Soom moue om, so breed soos verkies.

Vou rafelrande van halsopening en rugopening 1,5 cm breed om en stik in posisie vas.

Soom rok 5 cm breed om en stik soom in posisie vas.

Werk hakie en ogie teenoor mekaar bo aan halsopeningrande vas en werk skouer-kussinkies in posisie vas. (Ons rok het twee op elke skouer.)

Om monnikskraag te maak: Stik kort rafelrande aan mekaar vas, en sigsag oorblywende rafelrande om kraag te voltooi. Die kraag word nie aan die rok vasgestik nie, maar doodeenvoudig oor die kop getrek en reg gedruk.

Om seintuur te maak: Vou rafelrande rondom 1,5 cm breed na verkeerde kant om en ryg in posisie vas. Stik nou met 'n klein sigsagstekie, terwyl materiaal gerek word, sodat 'n kartel-effek verkry word. Knip rafelrande teenaan stiksel af.